

JAAR IN OËNSKOU

BRANDPUNTE IN DIE ROOIVLEISBEDRYF

Die rooivleisbedryf het die afgelope jaar talle probleme en hoogtepunte beleef. Mnr. Koos van der Ryst, voorsitter van die Rooivleisprodusente-organisasie, gee 'n oorsig oor die brandpunte.

BEK-EN-KLOUSEER

Met die uitbreking van bek-en-kloueër in Januarie 2019 is Suid-Afrika se status as vry van bek-en-kloueër (soos erken deur die internasionale organisasie vir dieregesondheid, die OIE) opgehef. Suid-Afrika het in daardie stadium vleisprodukte en vee na 42 lande uitgevoer, maar dié uitvoer het ornag tot stilstand gekom.

Kundiges bereken dat dié gebeure daartoe gelei het dat produsente 'n verlies van R14 000 per speenkalf gely het.

Die enigste manier waarop uitvoer hervat kon word, was om bilaterale handelsooreenkomste te onderhandel. Uitvoer kon daarna met Suid-Afrika se grootste handelsvennote hervat word.

Met die uitbreking van bek-en-kloueër is veilings ook summier beëindig ná daar op 4 Desember 2019 in die *Staatskoerant* afgekondig is dat daar 'n moratorium op veilings in al nege die provinsies geplaas is.

Die uitbrekings in Limpopo was egter baie spesifiek in 'n betrokke gebied en dit het die weg gebaan dat 'n versoek gerig kon word dat die verbod op veilings opgehef word.

Dit was die RPO se siening dat die betrokke gebied doeltreffend afgesonder kon word en dat veilings en skoue dus in die res van die land normaal kon voortgaan.

Die RPO het reeds in November saam met die Rooivleisbedryfsforum met die minister van landbou samesprekings oor die kwessie gevoer.

Die primêre bedryf het 'n protokol of beleid aan die minister oorhandig met voorstelle oor wat ingestel moet word om die verbod op skoue en veilings op te hef. Die RPO het ook deurlopend bydraes aan die tegniese komitee oor bek-en-kloueër gelewer.

Die RPO is bewus van die ongunstige impak wat die verbod op veilings op die totale rooivleis-waardeketting gehad het en was instrumenteel om bilaterale handel weer te hervat.

Me. Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, het intussen regulasies in die *Staatskoerant* afgekondig om veilings in sekere omstandig-

hede toe te laat sodat vee in die voedselwaardeketting voorsien kan word.

NASPEURBAARHEID EN UITVOER

'n Werksessie is op 30 Januarie vanjaar gehou om die nasionale vee-identifikasie-en-naspeurbaarheidstelsel (Lits SA) te stig. Die resultaat was die daarstelling van 'n toepassingsowerheid, naamlik SALT (SA livestock and traceability). SALT bestaan uit die primêre bedrywe.

Lits SA word saam met die staat bestuur as 'n gesaghebbende owerheid en tree op in pas met die riglyne van die OIE. Dit sal 'n vrywillige stelsel wees en aanvanklik net vir die beesbedryf onderneem word, waarna dit na die kleinveebedryf uitgebrei sal word.

Een van die bepalinge is dat alle lewendehawe-agente by die landbouprodukte-agenteraad (Apac) geregistreer moet wees. Dié vereiste geld reeds vanaf 1992.

Veeveilings is die tweede vlak van dieresiektemonitoring waar vee verhandel word in die kritieke bemarkingssektor van veeproduksie in die waardeketting. Dit is dus belangrik in die verspreiding en beheer van dieresiektes deur middel van die bemarking van vee op veilingslokale.

Die agentemaatreëls het as doelwit om 'n geouditeerde en naspeurbaarheidstelsel te vestig en terselfdertyd die verspreiding van dieresiektes by veilings te beperk.

Die uitbreking van bek-en-kloueër het dit duidelik gemaak dat dit noodsaaklik is dat boere self verantwoordelikheid neem vir die dieregesondheidstatus van hul kuddes.

Selfregulering raak al hoe belangriker. Dit is ook so dat skoue en veilings van vee op 'n nuwe grondslag gehanteer moet word.

Die reëls vir agente van vee is op 13 November 2020 gepubliseer. Die primêre bedryf het bydraes gelewer daarvoor – 'n beter scenario as die een waar die staat sy siening op die bedryf afdwing.



Mnr. Koos van der Ryst, voorsitter van die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO).

Die reëls is van die grootste belang aangesien die uitvoer van rooivleis toeneem en plaaslike verbruikersekerheid ook bevorder kan word met behulp van die maatreëls.

UITVOER VAN LEWENDE VEE PER SKIP

Die hofsak tussen die nasionale Dierbeskermingsvereniging en Al Mawashi wat onlangs in die Oos-Kaapse hooggeregshof aangehoor is, het uit twee afdelings (A en B) bestaan.

Afdeling A het betrekking gehad op diere-sorg en die gepaardgaande vertrek van die skip met die skape aan boord.

Afdeling B het egter 'n totale verbod op die uitvoer van lewende diere behels en is as sodanig van groot belang vir die rooivleisbedryf.

Die Rooivleisbedryfsforum en die RPO het daarom in belang van die primêre produsent besluit om toe te tree as respondent tot die saak.

Hoewel die verhandeling van vee ononderhandelbaar is en die uitvoer van lewende skape nie gekortwiek moet word nie, is dit egter ook belangrik dat daar aan die OIE se standaard vir diere-sorg voldoen word.

Dit hou baie belangrike implikasies vir die beeld van die rooivleisbedryf in.

Die RPO het nog altyd as deel van die bekendstelling van sy strategiese plan vryemarkbeginsels en uitsonderlike diere-sorgmaatreëls ondersteun.

STATUTÊRE HEFFING

Die huidige statutêre heffing is vir 'n verdere termyn van twee jaar goedgekeur – tot 4 November 2022.

'n Studie word deur BFAP, die buro vir voedsel- en landboubeleid, onderneem oor die invloed van die heffing op die produsente, maar ook op die verbruiker.

'n Groep, bestaande uit die primêre bedrywe, doen tans aansoek om die nuwe heffing. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za